

# HELLO!

Ek is Gerridene Berg - vrou, mamma, vriendin, besigheidsvrou, entrepreneur, leefstylmentor, gespesialiseerde voedingskundige en 'n passievolle kampvegter vir vrouens. My pad het deur die donker valleie van gebrokenheid en pyn gegaan, maar dit is juis hier waar ek dieper waarheid gevind het - dat geen tydelike sukses, materialistiese wins of wêreldse prestasie die diepe leemte van ons hart kan vul nie.

Daardie vervulling lê slegs in die Vader, in Sy hart, en in Sy wonderlike plan vir ons lewens.

Uit my eie stryd en soeke na iets méér, het ek 'n brandende passie ontwikkel om vrouens by te staan in hul reis na heelheid en vryheid. My werk gaan oor veel meer as net uiterlike transformasie; ek stap saam met vrouens op 'n innerlike reis, waar ons dieper ontdek wie ons in Christus is, en leer om Sy planne met oorgawe te omarm.

Soos ek altyd sê:

"Ware transformasie begin nie by wat ons in die spieël sien nie, maar by wat ons in ons hart glo."

Ek nooi jou uit om saam met my die pad van gesond word, groei en vryheid te stap - waar ons innerlike krag en vrede ontdek en 'n lewe leef wat resoneer met ons unieke Goddelike doel.

*Dankie vir jou belangstelling in my dienste...*



## VROU E DAG TEMAS:

| Temas:                              | Uitkoms:                                                                                                                                                                                                                   |
|-------------------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <b>VOLHEID IN CHRISTUS</b>          | <p>“En julle het die volheid in Hom, wat die Hoof is van elke owerheid en mag.” - Kolossense 2:10</p> <p>Fokus: Die reis na geestelike en emosionele heelheid deur Christus wat ons voltooi en heel maak.</p>              |
| <b>VRYHEID VAN DIE HART</b>         | <p>Johannes 8:36 – “As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees.”</p> <p>Fokus: Laat gaan van verlede pyn en kettings deur die krag van God se genade en waarheid.</p>                                 |
| <b>DOELBEWUS VROU</b>               | <p>Ester 4:14 – “Wie weet of jy nie juis vir 'n tyd soos hierdie tot koninklike waardigheid gekom het nie?”</p> <p>Fokus: Die ontdekking van jou unieke doel en roeping in God se koninkryk.</p>                           |
| <b>VAS IN HOOP</b>                  | <p>Hebreërs 6:19 – “Ons het hierdie hoop as 'n anker van die siel, vas en standvastig...”</p> <p>Fokus: Om standvastig in geloof te bly, al waai storms oor jou lewe.</p>                                                  |
| <b>VERBORGE SKATTE VAN DIE HART</b> | <p>Matteus 6:21 – “Waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees.”</p> <p>Fokus: Om jou waardes en prioriteite te vestig op wat ewig is en nie tydelik nie.</p>                                                             |
| <b>VAN ASHOOPTOT WENPRYS</b>        | <p>Jesaja 61:3 – “...om aan hulle wat treur in Sion te gee 'n kroon in plaas van as...”</p> <p>Fokus: God se herstelwerk om jou lewe van pyn en gebrokenheid te verander in vreugde en betekenis.</p>                      |
| <b>GEKROON MET GENADE</b>           | <p>Psalm 103:4 – “Hy wat jou lewe verlos van die graf, wat jou kroon met goedertierenheid en barmhartigheid.”</p> <p>Fokus: Ontdek jou Goddelike identiteit as dogter van die Koning, gekroon met Sy liefde en genade.</p> |

Hierdie is nie my enigste temas nie, ek soaked met liefde in by Klient se begeerte en uitkoms vir die dag.

# VOORGESTELDE BUDGET:

|                                                                                                                                                               |  | Estimated Cost                |
|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|--|-------------------------------|
| Vrouedag funksie                                                                                                                                              |  |                               |
| Funksie fooi                                                                                                                                                  |  | R10 000                       |
| Enige funksie buite die radius van 40km van Randburg (woonbuurt) sal 'n reiskoste fooi van R4.40 per kilometer bygevoeg word                                  |  | 1km per R4.40                 |
| Enige funksie in 'n ander provinsie sal vlug kaartjes (waar moontlik) uitgesluit wees uit die funksie fooi                                                    |  | Onderhewig aan vlug kaartjes  |
| Enige funksie wat meer as 2 ure en 30 minute reis tyd duur, sal akommodasie bevestig moet word, waarvan akommodasie nie ingesluit is by die funksie fooi nie. |  | Onderhewig aan gastehuis prys |

## VOLGENDE STAPPE:

|                                                                                                                                                                       |                                                                                                                                                        |
|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Om 'n funksie bespreking met my vas te maak sal 'n deposito van 50% onmiddelik betaalbaar verlang word. Maak asseblief met my kontak soos per hieronder uiteengestel: |                                                                                                                                                        |
| Funksie Besonderhede:                                                                                                                                                 | Dag van Funksie   Area van Funksie   Klient besonderhede   Kontak Besonderhede   Besonderhede van die persoon verantwoordelik vir betaling van faktuur |
| Email:                                                                                                                                                                | berggerridene@gmail.com                                                                                                                                |
| Kontak nommer:                                                                                                                                                        | 072 450 2725                                                                                                                                           |